INNIBOSPROGRAM 2018

TONEEL

Toneel:

Uit die Bloute

Met Paul du Toit, Jenna Dunster, Lizanne Barnard, Leon Ecroignard, Jahn Beukes en Pyjama Shark
Teks: Eugéne Marais – Verwerk deur Ilse van Hemert
Regie: Henriëtta Gryffenberg
Vervaardiger: Konterdans Produksies – Medevervaardigers Giep van Zyl en Lizanne Barnard
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 27 Jun 10:00; Do 28 Jun 18:00; Vr 29 Jun 20:00; Sa 30 Jun 10:00
Venue: Nelspruit Stadsteater
Tydsduur: 90 minute
Prys: R142
Debuut
'n Innibos produksie ondersteun deur NATI. Mediavennoot: Maroela Media
Word meegevoer deur die musiekteaterstuk ***Uit die Bloute!***
Eugène Marais is 'n meester-storieverteller en die verhale en tydlose gedigte wat in hierdie produksie op die verhoog lewe kry, boei die gehoor van die heel eerste woord af.
Uit die bloute is die herlewing van die 1996-lokettreffer met dieselfde naam, en in hierdie produksie word klank en woord op unieke wyse op die verhoog verweef. Paul du Toit, wat vanjaar die Fiësta gewen het as beste manlike akteur, en Jenna Dunster, talentvolle dogter van die bekende akteurspaar Elize Cawood en Wilson Dunster, vertolk die hoofrolle.
Die eerste storie, in storierymvorm, is **Die Lied van die Reën**, 'n Koranna Dwaalstorie, wat handel oor die Koranna mense se stryd om water en hoe die selfsugtige stamhoof, Jakob Makding, die water beheer. Wanneer die reën uiteindelik kom, word Jakob Makding getroef en die water is vir almal beskikbaar.
Die tweede storie is **Salas Y Gomez** – 'n jong boer is vir maande lank vasgekeer op 'n rotslys van waar hy sy plaas kan sien, maar niemand weet waar hy is nie. Dan sien hy op 'n dag hoe die vryers opdaag by sy jong bruid...
Storievertel berei nuwe hoogtes wanneer die verhaal met musiek en uitsonderlike klank-effekte lewendig gemaak word. Lizanne Barnard het die musikale verwerkings gedoen en word bygestaan deur 'n groep musikante wat op oorspronklike wyse die klankeffekte optower. Die regie is deur Henriëtte Gryffenberg. Dit is 'n uitsonderlike teater-ervaring wat jy nie moet misloop nie.

Toneel: Komedie

Kleedkamer Blues

Met De Klerk Oelofse, Wessel Pretorius, Greta Pietersen, Ludwig Binge en Carel Trichardt
Teks: Ludwig Binge
Regisseur en stelontwerp: Marthinus Basson
Vervaardiger en beligting: Chris Pienaar
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 27 Jun 19:00, Do 28 Jun 10:00, Vr 29 Jun 10:00, Sa 30 Jun 15:00
Venue: Nelspruit Stadsteater
Tydsduur: 120 minute
Prys: R142
Debuut
'n Innibosproduksie ondersteun deur NATi
'n Wyse man het eenmaal gesê: *"The Blues ain't nothin' but a good man feelin' bad."*
'n Kleedkamer voor die vertoning van 'n laaste optrede by 'n kunstefees. Almal bietjie moeg, almal bietjie feesvoos...
Diep-seun Johan ly aan *premature post-production blues*, want hy sê nie 'n woord nie. André is knorrig omdat sy vriend en mede-akteur, Hendrik, nooit sy eenmanstuk kom kyk het nie. Hendrik is pas genomineer vir 'n toekenning, terwyl André se stuk pas 'n louwarm resensie gekry het. Dit grief hom. Hendrik het Wena op die brein en vanaand is die aand dat hy sy liefde aan sy mede-akteur gaan verklaar, want hy kan nie anders nie. Wena is gatvol vir die tekort aan finansiële sekuriteit en boonop knou verhoogangs haar. Na die fees gaan sy 'n sepie-rol in Johannesburg aanvaar. En Hendrik is van Kaapstad. Die ou veteraan, Paul, wat na 15 jaar 'n *comeback* maak in hierdie alternatiewe weergawe van Beckett se Godot, ondersteun haar in haar besluit, maar sukkel self om sy woorde te onthou en blameer die ouderdom. So die nerwe is dun geskuur. Boonop kom 'n belangrike gas vanaand na die stuk kyk vir oorweging vir 'n speelvak in die buiteland. Kan hierdie kwesbare siele hulle verskille opsy sit en vir oulaas 'n briljante vertoning op die planke bring? Sal hulle die *Kleedkamer Blues* kan oorwin?
'n Kykie agter die skerms. Innibos se vlagskipproduksie. Moet dit nie misloop nie...

Toneel: Drama

Soebatsfontein

Met Sandra Prinsloo en Franci Swanepoel
Teks: Annemarie van der Walt
Regisseur: Philip Rademeyer
Vervaardiger: GZ Produksies
Gradering: Geen o/14 (Taal)
Datum en tyd: Wo 27 Jun 10:00; Do 28 Jun 19:00; Vr 29 Jun 18:00; Sa 30 Jun 10:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 65 minute
Prys: R142
Debuut
'n Innibosproduksie
Wat is die band wat vriendinne met mekaar smee wat alle aanslae kan oorleef? En hoe broos, hoe taai is daardie verbintenis en wat is elkeen bereid om op te offer vir die ander een?
Katrien en Emma, vriendinne deur dik en dun, is op 'n padreis deur die afgeleë binneland. Die agterpaaie bring gedeelde herinneringe mee, maar skud ook mettertyd 'n verbloemde fyn venyn los.
Wanneer die deurslot van 'n afgeremde hotelkamer op Soebatsfontein breek en hulle binne vasgekeer is, kom dit wat deur die jare ongesê gebly het, ter sprake en moet albei aan

mekaar erken: “Dít het jy nie van my geweet nie.” Hierdie beloof een van Innibos se spogproduksies te wees.

Toneel: Drama
3 Susters
Met Lizz Meiring, Nicole Holm en Margit Meyer Rödenbeck
Teks: Louis Pretorius
Regisseur: Tara Notcutt
Tegniese regisseur: Jeanne Steenkamp
Stel,kostuums en beligting: The Scenic Studio
Klankbaan: Gideon Lombard
Gradering: Gesin OB
Datum en tyd: Wo 27 Jun 15:00, Do 28 Jun 09:00; Vr 29 Jun 19:00; Sa 30 Jun 14:00
Venue: Laeveld Laerskool
Tydsduur: 90 minute
Prys: R142
Debuut
’n Innibosproduksie ondersteun deur Hiemstra Trust, KWV, Vision Insurance, ClemenGold en Hannon.
Mediaborg: Sarie
Kom reis saam met drie susters deur die slaggate en mynvelde van vrou- dogter- en ma-wees. Christine, Anel en Bianca se vlug na Thailand is vertraag. Dis Christine se 50ste verjaarsdag en dis die tweeling se verjaarsdag geskenk aan haar. Hoekom moet Anel en Bianca altyd inmeng? 'n Bord sushi sou net so goed gewees het. Sy weet hulle is familie, maar hulle weet ook sy’s bang vir vlieg.
Terwyl die susters die tyd verwyl met kaarte, boeke, cappuccino’s en vlymskerp tonge word lewenskeuses uitmekaar getrek en ou koeie opgegrawe. Want hier sit hulle nou. Die vlug is vertraag en sy's hoog op kalmeerpille. Bianca is vas oortuig sy't hulle verlore ma gesien. Anel praat met 'n aantreklik man. Christine maak haar oë toe. Sy droom van stilte. Absolute stilte. Sy wens partykeer haar man en seuns wil net verdwyn. Sy mag dit nie dink nie, maar…. sê nou maar, sê nou maar Thailand is die antwoord.
Sal hulle ooit daar kom? Of is almal net te vlugvoos? Drie susters is ’n *dramedy* in vyf bedrywe geskryf deur Louis Pretorius van *Die Boekklub*-faam.

Toneel: Komedie
Antie Pohl
Met Sorina Erasmus en Cobus Venter
Teks: Barry van Rensburg
Regisseur: Neels Clasen
Gradering: Gesin OB
Datum en tyd: Wo 27 Jun 10:00; Do 28 Jun 18:00; Vr 29 Jun 09:00; Sa 30 Jun 13:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 70 minute
Prys: R142
Debuut
’n Innibosproduksie
Wanneer Ferdie van Binnelanders en die Flooze van 7de Laan, mekaar ontmoet, begin die poppe dans.
Antie Pohl is ’n guitige komedie wat handel oor ‘anti-pole’ wat mekaar aantrek – die versigtige is aangetrokke tot die waaghals, die lae selfbeeld eindig by die beheervraat, en die sekskat trou met die koue vis. Teenoorgesteldes wat mekaar soos magnete aantrek, kan mekaar dalk jare later weer begin wegstoot.
Antie Pohl is ’n preutse, afgetrede professor-tannie, wie se taak dit is om mense wat by ’n kruispad gekom het, van raad te bedien. Haar kolom verskyn in ’n tydskrif en word slaafs gevolg deur almal wat probleme het. Jy gaan nie net trane lag nie, maar ook iets kry om oor na te dink.
Hierdie produksie is heerlike vermaak uit die pen van bekende dramaturg, Barry van Rensburg, wat weer eens ’n komedie bied met humor wat hoop gee.

Toneel: Klug / Komedie
My man se skelmpie se skelmpie se vrou
Met Ana van Achterbergh, Botha Enslin, Candice Weber, Elma Potgieter, Francois van Rensburg, Jennifer Myburgh, Marissa Claasen, Phillru van Achterbergh, Rouel Beukes, Wynand van Vollenstee.
Teks: Ray Cooney en John Chapman
Vertaal deur Wim Vorster, verwerk deur Frans Swart
Regisseur: Frans Swart
Gradering: Geen o/13
Datum en tyd: Wo 27 Jun 18:00; Do 28 Jun 10:00; Vr 29 Jun 20:00; Sa 30 Jun 09:00
Venue: Lowveld High
Tydsduur: 130 minute (pouse ingesluit)
Prys: R152
Arno Schaap, ’n flambojante ekstrovert, beplan om die pragtige jong ontkleedanseres Janie te verlei met behulp van ’n peperduur pelsjas. Ongelukkig vir mnr. Schaap, is Janie getroud met Harry Vlok, wat sonder twyfel snuf in die neus sal kry as sy by die huis opdaag met ’n duur jas. Dus verminder Arno die prys daarvan drasties en Janie probeer vir Harry oortuig om die jas vir haar aan te skaf, terwyl Arno dan die verskil in die prys persoonlik inbetaal. Harry besef dat die jas ’n winskoop is, maar in plaas om dit vir sy vrou te koop, koop hy dit vir sy skelmpie. En dan begin die poppe dans!
Arno is uit die veld geslaan deur die onverwagse gebeure en hy en sy assistent, Chris Haasbroek, word verder in die verleentheid gestel as Janie haar klere uittrek en weier om die salon te verlaat sonder die jas. Hulle histeriese pogings om die pels terug te kry en die naakte Janie te versteek, word verder omgekrap deur die onverwagse terugkeer van Arno se vrou, Maude. Asof dit nie genoeg is nie, maak Sue se man André ook sy verskyning. En dan val die Kommandeur Holberg en sy vrou ook tydig en ontydig met die deur in die huis. Lekker-lag-vermaak op sy beste.

Toneel: Komedie
Nêrens, Noord-Kaap
Met Albert Pretorius, Geon Nel en De Klerk Oelofse
Teks: Nico Scheepers
Regisseur: Nico Scheepers
Gradering: Geen o/16 (T)

Datum en tyd: Wo 27 Jun 10:00; Do 28 Jun 18:00; Vr 29 Jun 14:00; Sa 30 Jun 10:00
Venue: Laeveld Laerskool
Tydsduur: 75 minute
Prys: R142
Frans, Andries en Ronald het mekaar jare laas gesien. Nou moet die broers terugkeer na hul geboorteplaas, Nêrens, vir 'n verjaarsdagbraai vir hul pa wat 60 word. Hulle is gewone mense met al hulle liefde en haat en soeke na die broederskap wat hulle verloor het. Hierdie skreeusnaakse en hartroerende nuwe werk volg in die voetspore van die uiters suksesvolle komedie *Amper, Vrystaat.* Hierdie pragproduksie het talle toekennings verower: Beste Nasionale Debuut by die Vrystaat Kunstefees, die 2018 kykNET Fiësta vir Beste Ensemble, asook vier KKNK 2018 Kanna benoemings vir onder andere Beste Teateraanbieding.
"Dit is teater op sy beste wat jou eers amuseer, jou herinner aan die plaasboere in jou eie familie, en jou dan tref met 'n emosionele einde wat niemand onaangeraak laat nie." – Naomi Morgan. 'n Moet-sien-produksie wat jou aan die hart gaan gryp.

Toneel: Komedie
Manne
Met Chris Vorster, Hennie Jacobs, Hannes Brümmer, Theodore Jantjies, Francois Lensley en Deon Coetzee
Teks en regie: Chris Vorster
Stelontwerp: Chris Vorster
Beligtingsontwerp: Christiaan Ballot
Klankontwerp: Riaan Rademan
Vervaardiger: GZ Produksies
Gradering: Geen o/14 (T)
Datum en tyd: Vr 29 Jun 10:00 en 19:00; Sa 30 Jun 15:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 65 minute
Prys: R142
'n Aardklop-produksie.
'n Spul vriende herenig vir 'n jagnaweek. Met geraamtes in die kas en wraak op die brein stap vyf manne die boendoes binne ... slegs vier keer terug. Nou word die koring van die kaf geskei, die manne van die muise, die jagters van die prooi. "Ja manne, alles is snaaks tot iemand seerkry ... dan is dit nie meer snaaks nie ... dan is dit skreeusnaaks." Komedie, spanning en drama is aan die orde van die dag in hierdie produksie. Beter waarde vir jou geld as 'n tros piesangs ... gewaarborg! 'n Lokettreffer by Aardklop, Woordfees en die ABSA-KKNK.

Toneel: Komedie
Dowwe Wicus en Dolla van der Merwe
Met Margit Meyer-Rődenbeck en Wicus van der Merwe
Teks en regie: Wicus van der Merwe, Margit Meyer-Rődenbeck en Jurgen Human
Tegniese regisseur: Jeanne Steenkamp
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Do 28 Jun 14:00; Vr 29 Jun 10:00
Venue: Laeveld Laerskool
Tydsduur: 70 min
Prys: R142
Weg met die dwepers, die boepens-knolle, die *moaners* en die *groaners*. Weg met die poeierholle, die hoitie-toitie-skeeloog-anties, die Martie Martelgatte en die Jannie Jammerballe. Weg met die oorgenuanseerde suutjies-poep-polities-korrektes met hul brabbeltaal-diepsinnighede. Is jy moeg vir jou man se lang gesig wat lyk soos 'n bok wat afdraand kyk? Lyk jou vrou al meer soos haar paspoortfoto? Dan is dit tyd om 'n kaartjie vir hulle na hierdie showtjie te koop. Wees gewaarsku: Jy moet lag dat die trane rol, anders spuit ons jou met Doom.

Genre: Drama
Woza Albert
With Nhlanhla Nhlabathi and Mncedisi Shabangu
Director: Mncedisi Shabangu
Script: Percy Mtwa, Mbongeni Ngema and Barney Simon.
Producer and set design: Mncedisi Shabangu
Grading: No u/14
Date and time: Fr 29 Jun 14:00
Duration: 80 minutes
Venue: Lowveld High
Price: R82
Woza Albert was performed for the first time in 1981 and has since won more than 20 awards worldwide. It is a satirical political drama and tells the story of the second coming of Morena, the saviour, in song, dance and mime. Multiple characters, acted out by two actors, uses this metaphor of Jesus to show what would happen if he came back to South Africa during apartheid. Would he like what he saw? And if he saw the atrocities of the time then where lays the salvation?
This is a prescribed text for high school learners.

Toneel: Drama
Die reuk van appels
Met Gideon Lombard
Teks: Gegrond op die roman van Mark Behr
Regie: Lara Bye
Verwerk deur Johann Smith
Klankontwerp: Gideon Lombard
Verhoogbestuurder: Mariska Meyer
Gradering: Geen o/16 (Seks, Naaktheid, Taal, Geweld, Vooroordeel)
Datum en tyd: Wo 27 Jun 18:00; Do 28 Jun 10:00; Vr 29 Jun 12:00, Sa 30 Jun 15:00
Venue: Nelspruit Laerskool
Tydsduur: 90 minute
Prys: R142
Die lewe is snaaks, mooi, kosbaar, onverstaanbaar én vreeslik. Dis die somer van 1973. Apartheid floreer te midde van toenemende kritiek vanuit die buiteland. Onrus broei op die Angolese grens. In die Kaap is elfjarige Marnus besig om te leer wat menswees en manwees beteken. Sy lewe verander onherroeplik wanneer 'n brutale daad sy kinderlike

onskuld vernietig. Vanaf daardie beslissende oomblik kleef die reuk van appels aan alles wat Marnus aanraak.
Gegrond op Mark Behr se veelbekroonde en opspraakwekkende roman. Vir sy rol het Gideon Lombard die Kanna-toekenning vir Beste akteur (KKNK 2017) ingepalm. Die produksie het ook skoonskip gemaak by die 2018 kykNET Fiësta-toekennings (Beste spel in 'n solo-vertoning, Beste regisseur, Beste vertaling of verwerking van 'n bestaande werk en Beste aanbieding) en is ook benoem vir verskeie Fleur du Cap-teatertoekennings. Dit ontvang vyf sterre in Die Burger, Rapport en Pretoria News. Litnet beskryf die produksie as "ontroerende teater wat verpletter, en wat die staande applous – ná 'n oomblik van verbysterende ongeloof en gehoorstomheid – verdien!" terwyl Leon van Nierop (Rapport) dit opsom as "onverbeterlik en 'n belewenis". Na uitverkoopte vertonings by verskeie teaters en kunstefeeste regoor die land is *Die reuk van appels* op almal se lippe en dié onmisbare produksie van die jaar.

Toneel: Romantiese komedie
Mike en Mavis
Met Wilson Dunster en Elize Cawood
Teks: Wessel Pretorius
Regie: Gerrit Schoonhoven
Kostuums en rekwisiete: Hollywood Costumes
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 27 Jun 18:00; Do 28 Jun 10:00; Vr 29 Jun 19:00; Sa 30 Jun 10:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 60 minute
Prys: R142
Mavis Kellerman, 'n weduwee wat haarself afgesluit het vir die wêreld, behalwe vir haar e-posse met haar dogter, en haar weeklikse kerkdiens, ontvang 'n uitnodiging vir die opening van 'n nuwe bioskoop wat spesialiseer in klassieke rolprente. Die eienaar, Mike Lewis, is 'n eksentrieke jongkêrel met 'n ewige romantiese siel. Mavis besef gou dat Mike daarop uit is om haar hart te wen en bevind haarself aan die ontvangkant van 'n vryery in haar herfsjare wat afspeel oor 'n reeks romantiese afsprake. Wat sy egter nie weet nie, is dat sy en Mike 'n geskiedenis deel wat lank voor die uitnodiging begin het. 'n Romantiese komedie wat die hartsnare sal roer.

Toneel: Tragi-komedie
Lizz Meiring - Met ander woorde
Met Lizz Meiring
Teks en regie: Lizz Meiring
Stelontwerp: Fanus van Deventer
Vervaardiger: Artist Warehouse cc
Gradering: Geen o/14
Datum en tyd: Do 28 Jun 14:00; Vr 29 Jun 14:00
Venue: Bergland Laerskool
Tydsduur: 70 minute
Prys: R132
Hierdie is 'n slim-snaakse, energieke, eenvrouvertoning deur die multibekroonde aktrise, skrywer en regisseur Lizz Meiring. Hierin deel die aweregse, eiesoortige Lizz met die gehoor 'n versameling sketse, stories en vertellings uit haar eie pen. Met haar buitengewone liefde vir woorde en vlymskerp woordspelings, balanseer sy komedie, ironie, satire en patos haarfyn op 'n mespunt.
Lizz vertel in die stuk ook grepe uit haar persoonlike lewe en loopbaan en lig die sluier oor die komiese, "lastige ongemaklikhede van kunstenaar wees", asook die triomfantlike ontsnapping wat slegs kreatiwiteit aan die ware kunstenaar kan bied.
Lizz is 'n teater- en televisie-ikoon wat Suid-Afrikaanse gehore reeds vier-en-dertig jaar vermaak. Met al hierdie ervaring, het Lizz voorwaar baie om te sê! *Met ander woorde* is Lizz op haar skitterende beste! Dis ongetwyfeld topklas teatervermaak wat nie misgeloop mag word nie.

Toneel: Komedie
'n Gewigtige saak
Met Wynand van Vollenstee
Teks: Wynand van Vollenstee
Regie: Lizz Meiring
Gradering: Geen o/13 (T)
Datum en tyd: Do 28 Jun 18:00
Venue: Lowveld High
Tydsduur: 75 minute
Prys: R132
Hierdie is 'n slimsnaakse solostuk met Wynand van Vollenstee. Gehore ken hierdie veelsydige akteur en sanger as *Karate Kallie* en het reeds deeglik met sy uitsonderlike spel kennis gemaak in produksies soos *Ons vir jou*, *Getroud met rugby*, *Platteland*, *Die munisipaliteit van Ghwarra-Ghwarra*, *My vrou se man se vrou* en die splinternuwe TV-sitcom *Ouboet en Wors* deur Willie Esterhuizen.
Dié solostuk bied 'n unieke, warmhartige en komiese blik op die majestueuse uitdagings van vet mense.
In 'n wêreld wat te klein is vir ekstra groot mense, wag daar 'n mynveld van komplikasies om elke noue hoek en draai. Terwyl vrouens dikwels hul vetsugtige lot bekla, word daar min uit 'n mollige man se besige mond gehoor hoe swaar hul aan die ekstra bagasie dra – met komiese gevolge.
Hierdie stuk is oorspronklike en verrassende vermaak vir die goed gestoffeerdes van beide geslagte, sowel as vir diegene wat nog nooit 'n kilojoule moes tel nie. Die solostuk handel uiteindelik oor ons basiese menswees en ons skreeusnaakse stryd met onsself en die samelewing.

Toneel: Skerpskerts
Schalk Bezuidenhout: Snorseun
Met Schalk Bezuidenhout
Regie: Schalk Bezuidenhout
Vervaardiger: Erns Grundling
Gradering: Geen o/14
Datum en tyd: Sa 30 Jun 15:00
Venue: Lowveld High.
Tydsduur: 80 minute
Prys: R132

Schalk Bezuidenhout, die krulkopkomediant met sy kenmerkende truitjies en skerp tong, is die mees opwindende nuwe stem in Suid-Afrikaanse *stand-up*. Sedert hierdie boorling van Kempton Park in 2015 (en weer 2017) in Trevor Noah se voorprogram opgetree het en 'n solo-vertoning op Comedy Central uitgesaai is, het hy vinnig 'n huishoudelike naam geraak. Hy het ook reeds twee Comics Choice-toekennings ingepalm.
Schalk is deesdae 'n bekende gesig op televisie, veral in die rol van die geliefde Danny in die kykNET-reeks *Hotel* en as anker van die satiriese nuusprogram *Die Ware Naarheid*. Hy het die afgelope twee jaar by Innibos gehore laat skaterlag met sy eenmanvertonings, *Schalk Bezuidenhout Lewendig* en *Voksbesit.* Nou keer Schalk terug na Innibos met 'n nuwe vertoning, *Snorseun*.
Feesgangers kan uitsien na die snorseun op sy beste, met nuwe materiaal, vlymskerp waarnemings en sosiale kommentaar oor die lewe en die land waarin ons leef. *Snorseun* sal baie reaksies by jou uitlok, waarvan lag sommer lag-lag die grootste is.

MUSIEK

Musiek: Kontemporêr
Drie van die Bestes – 20 jaar later
Met Mathys Roets, Danie Niehaus, Kevin Leo en Matthys Maree.
Musiekregie: Matthys Maree
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 27 Jun 14:00; Do 28 Jun 10:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 90 minute
Prys: R142
Uit 'n musikale skatkis van 20 jaar word bekende liedjies afgestof en met nuwes aangevul in 'n vertoning deur een van Suid-Afrika se mees deurwinterde sanggroepe, *Drie van die Bestes.* Onder die musikale baton van die immergewilde Matthys Maree, word ritme en metrum uit verskeie genres opgetower en beloof die vertoning om emosies aan te raak en spore van verlange en vreugde te laat. Met die lawwer gees van Kevin Leo en Danie Niehaus, in bedwang gehou deur die meer getemperde gees van Mathys Roets, wag 'n versnit van lag en goeie musiek op feesgangers van alle ouderdomme en sluit dit boonop 'n akoestiese verrassing of twee in. Kom deel in die drie goeie vriende se viering van bykans twintig jaar saam in die musiekbedryf!

Musiek: Kontemporêr
Laurika Rauch met Loki Rothman: Blou
Met Laurika Rauch en Loki Rothman
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Wo 27 Jun 19:00; Vr 29 Jun 14:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 80 minute
Prys: R142
Laurika en Loki se samewerking het met die herskepping van Laurika se ikoniese treffer *Blou*, as 'n duet vir haar nuutste album, *Die reis*, begin. Loki het die nuwe verwerking gedoen en natuurlik ook saamgesing. Dié nuwe weergawe van *Blou* het reeds opslae gemaak (hulle het onder meer die Ghoema-toekenning gekry vir die luitoon van die jaar). Laurika is reeds lank gevestig as 'n gewilde sangeres. Loki is geliefd – nie net as begeleier nie, maar ook as solokunstenaar, liedjieskrywer en musiekvervaardiger. Sy virtuose perkussiewe kitaartegniek verstom 'n mens en sy aanslag en stem, gekombineer met Laurika se stem en unieke vertolkingsvermoë, maak hierdie vertoning 'n buitengewone musiekervaring.

Musiek: Instrumentaal
Rocco de Villiers: Wees net jouself
Met Rocco de Villiers, Lizelle le Roux en Robert Mitchley
Musiekregie: Rocco de Villiers
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Do 28 Jun 18:00; Sa 30 Jun 10:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Ouditorium
Tydsduur: 90 minute
Prys: R162
Debuut

Vanjaar is die gewilde pianis Rocco de Villiers terug met 'n splinternuwe CD en vertoning, *Wees net jouself*. Hierdie produksie val saam met die CD-vrystelling van die eerste 100%-oorspronklike album in jare uit Rocco se eie pen en spog met treffers soos *Wat om te dra agter op 'n bakkie*, *Reën kan jy nie koop nie* en *Nooit te laat om lief te hê nie.*
In die album en vertoning herbesoek natuurlik Rocco se werke soos *Kla1 Kla2 Kla3 Kla4* en die gewilde *Liewe hemel, liewe aarde*.
Met hierdie vertoning vier Rocco 20 jaar sedert die vrystelling van sy eerste CD in 1998. Die smarag is die edelsteen vir 'n 20-jaarherdenking en daarom is hierdie 'n GROEN *show*. Hy gesels oor selfaanvaarding, die groenoogmonster en 'n groener planeet. En daar is áltyd 'n grappie of twee vir hope vermaak uit die boonste rakke.

KLASSIEKE MUSIEK

Klassieke Kamers
Met Magdalene Minnaar, José Dias, Jannie Moolman, Engelie le Roux, World Café en Sempre Vino.
Seremoniemeester: Christelle Webb Joubert
Gradering: Gesin
Datum en tyd: Do 28 Jun 18:00, Vr 29 Jun 18:00 en Sa 30 Jun 10:00
Venue: Church Unlimited
Tydsduur: 180 minute
Prys: R167
Ondersteun deur Van Loveren
Hierdie vlagskip-produksie is 'n uitsonderlike musiekervaring.
Die seremoniemeester en toerleier is radiopersoonlikheid Christelle Webb-Joubert wat gaste op 'n konsertreis saam met van Suid-Afrika se gewildste klassieke kunstenaars.
Die eerste uitvoering is deur Jannie Moolman. Henry Purcell het gesê: "Digkuns en musiek was nog altyd susters-kunste. Apart kan hulle bloei, maar saam is dit soos om die karaktereienskappe van skoonheid en humor in een liggaam te plaas." Frans Schubert is waarskynlik een van die grootste eksponente van die Duitse lied en sy toonsettings van

Duitse digters soos Goethe en Schiller is uitstekende voorbeelde hiervan. Jannie Moolman bied aan sy gehoor van hierdie meesterlike komposisies van Schubert met briljante vertalings van die Duitse digkuns in Afrikaans deur Gisela van Zyl en Robert Brooks en word begelei deur die pianis, Engelie le Roux.
Daarna gaan gaste na die restaurant waar heerlike sop en brood bedien word.
Gaste beweeg dan na die jeugsaal waar World Café Vivaldi se Vier Seisoene gaan uitvoer. Hierdie is 'n unieke weergawe van Vivaldi se meesterstuk deur drie uitmuntende musikante uitgevoer. Anjulie Nock (baskitaar), Petrus de Beer (viool) en Stanislav Angelov (trekklavier en vibrandoneon) verweef dié tydlose meesterstuk met vier gedigte, wat vermoedelik deur Vivaldi self geskryf is. Nock dra dié beeldskone Afrikaanse vertalings voor en bind die vier musikale seisoene so saam. De Beer is 'n virtuoos op sy instrument asook die musikale regisseur van die musiekproduksie. Angelov bekoor met sy trekklavier en skep 'n wonderlike atmosfeer met die spel van die vibrandoneon. Vivaldi se sonette is vertaal vanaf Italiaans na Afrikaans deur Dr Dawid de Villiers. Kom reis deur die jaargetye met woord en musiek.
Teatergangers beweeg na die lapa waar heerlike koffie en 'n soet versnapering bedien word.
Dan kom die Sempre Vino-koor onder leiding van Wimpie Kotze aan die beurt. Die Afrikaanse verwerkings van bekende liedere deur Alna Smit en begelei deur Rassie Smit op tjello, beloof 'n besondere ervaring te wees.
By die laaste aandoenplek tree Magdalene Minnaar en Jose Dias op. *Portret* is 'n miniatuurproduksie, 'n juweelkissie na aan die hart, waarin 'n intieme beeld van die kunstenaar gebêre word. Die sopraan Magdalene Minnaar sluit haar boks van herinneringe oop en deel met die gehoor haar mees personlike gunstellinge en onvergetelike hoogtepunte uit haar skitterende sang- en verhoogloopbaan. Opera, musiekblyspel, kunslied en populêre treffer ontmoet om hierdie kleurryke *Portret* van 'n unieke kunstenaar te ontbloot.
Hierdie produksie beloof musikale verskeidenheid wat selfs die fynproewer sal tevrede stel.

INNIBOS –CRAWLS

Komedie-crawl by Ingwenyama Lodge
Met Wicus van der Merwe, Joey Rasdien, Melt Sieberhagen en Schalk Bezuidenhout.
Datum en tyd: Vr 29 Jun om 16:00, 17:00 en 18:00
Bus optelpunt: NG Westergloed, Koraalboomlaan.
Tydsduur: 240 minute (4 ure)
Gradering: Volwassenes (geen o/18)
Kaartjieprys: R302
Produksie geborg deur Bacardi en Ingwenyama Lodge.
Die komedie-crawl beloof pret in die oortreffende trap. Dit is soos *pub-crawling*, maar hier word daar vermaak saam met die drinkgoed deur die land se top grapjasse aangebied. Maak jou reg vir 'n goeie dosis lagmedisyne.
Die feesgangers klim op 'n bus (optelpunt NG Westergloed) en ry dan saam met die toerleier na Ingwenyama Lodge naby Witrivier.
By Ingwenyama Lodge is daar 4 aandoenplekke waar daar saam met die pret en plesier drinkgoed met komplimente van die borg, Bacardi, aangebied word.
Die eerste besoekpunt is die boskapel waar Melt Sieberhagen gaan sorg vir slap-lag-oomblikke. Hierdie skerpskertser se talente ken geen perke nie. Hy is akteur, kunstenaar, skrywer, regisseur en as komediant gaan hy sorg dat die lagspiere geolie bly.
Dan beweeg die feesgangers saam met die toerleier na die Boma Braai Area waar Joey Rasdien gaan optree. Joey is 'n bekende gesig in TV-advertensies en is bekend as akteur in lagflieks soos *Bunny Chow* en *Blitz patrollie*. Sy skerts is vlymskerp, uitdagend en skreeusnaaks.
Daarna stap feesgangers na Inyathi waar Schalk Bezuidenhout gaan wys waarom die krullebol-ou met die snor een van die skerpskutters onder die komediante is – hy vuur van die heup af, truitjies en al. Ja, die einste Schalk wat al op Trevor Noah se voorprogram was en wie se solo-vertoning deur Comedy Central uitgesaai is. Lekker, man, lekker!
Die laaste stop is die Sports Lapa waar nog 'n Bacardi spesialiteitsdrankie voorgesit word. Hier gaan Wicus van der Merwe feesgangers trakteer met skaterlag-staaltjies. As TV-aanbieder, sanger, akteur, afslaer en komediant weet hy om spitsvondighede soos sout en peper rond te strooi.
Moenie hierdie tafel wat met balhorigheid gedek is, misloop nie.
Dan klim die feesgangers weer op die bus om die tog terug Nelspruit toe aan te pak.
Kontantkroeg beskikbaar by die aandoenplekke vir diegene wat 'n ander soort drankie ook wil geniet.
Vergeet al jou bekommernisse en lag 'n slag.

LEEFSTYL

Leefstyl
Verrassingsete
Met sjef Mareli Visser
Gradering: Geen o/18
Datum en tyd: Vr 29 Junie 18:00
Venue: Bateleur Landgoed
Tydsduur: 180 minute
Prys: R352
Ondersteun deur Bateleur, ClemenGold, First Choice en Van Loveren-wyne
Eet is een van ons Suid Afrikaners se lekkerte tydverdrywe. En wat maak 'n heerlike ete sommer NOG lekkerder? 'n Hele klomp lekker verrassings, natuurlik.
In dié produksie met Kevin Leo as 'konsertmeester' gaan jy jou oë en ore nie glo nie! Van die intrapslag en vanuit alle oorde wag daar verrassing ná verrassing wat jou sintuie gaan oorrompel. Vergeet van die daaglikse sleur en kom beleef 'n anderwêreldse ervaring van kleur en klank, geure en smake, en voel die betowering van die onverwagte. kykNET Koekedoor Mareli Visser slaan die kitaar (of is dit nou die koekspaan!) en dis 'n feesmaal op in die kombuis, maar wie is die klawerkunstenaar wat die kuns van verdwyn en verskyn bemeester het? En is almal wie hulle voorgee om te wees?
Speels, lig en lekker – jy is gewaarborg om van alle sorge te vergeet!

Leefstyl
Stroomop inspirasie
Met Ivan Botha, Donnalee Roberts, Simoné Nortmann, Lizandra Winter en KateRok.
Gradering: Vroue - oud en jonk
Datum en tyd: Sa 30 Junie 11:00
Venue: Bateleur Landgoed
Tydsduur: 120 minute
Prys: R152
Ondersteun deur 17 Film, Huletts Bateleur en Placecol.
Die lewe is soos 'n rivier. Soms is die water salig en stil maar ander kere diep en donker en rof – jy voel asof jy verdrink, sukkel om kop bo water te hou, en of jy meedoënloos meegesleur word. Miskien is dit tyd om stroomop te swem ...
Kom geniet 'n betekenisvolle oggend saam met bekende persoonlikhede om die unieke volheid en avonture van vrouwees te vier.
Donnalee Roberts, hoofspreker, inspireer talle vroue oor die uitdagings en avonture van selfontdekking, vergifnis, aanvaarding en genesing. Simoné Nortmann gesels saam en deel haar eie hartsverhaal. KateRok en Lizandra Winter sal jou siel aanraak met hul mooi sangstemme en deel self gedagtes oor vrouwees. Ivan Botha is die gasheer van die dag en klink saam 'n glasie sjampanje op al die vroue. Kom klink ook jou glasie saam, want jy verdien om die ware jý te vier.

Leefstyl
Skoonlief en die Ondier: 'n Whiskysprokie slegs vir grootmense
Met Chris Koch
Gradering: Geen o/18
Datum en tyd: Do 28 Jun 18:00; Vr 29 Jun 18:00; Sa 30 Jun 12:00
Venue: Nelspruit Hoërskool Seunskoshuis
Tydsduur: 75 min
Prys: R142
Reis saam Chris Koch, die bekende Afrikaanse whisky-kenner, deur die sprokie van Soetlief en die donker, aardse Ondier. Kom proe 'n handvol Skotse enkelmoutwhiskies en leer meer van die herkoms en verskillende karaktertrekke wat elke whisky uniek maak. Vind uit waarvan jy hou in hierdie lighartige aanbieding terwyl jy vermaak word deur Koch - soos net hy kan.
Whisky is die magiese elikser van die lewe wat hier fyn verweef word met die sprokie van Soetlief en die Ondier. Whiskies wat reeds meer as 200 jaar lank gedistilleer word weerspieël kenmerke van die karakters in hierdie sprokie.
Soetlief word in die hoogste stookketels in 'n kasteel in die hooglande van Skotland gemaak. Terwyl die Ondier 'n whisky is wat gemaak word op 'n eiland in die middel van 'n turfmoeras. Hierdie proe-ervaring is die towerspreuk wat 'n paar whiskies sal ontsluit vir jou palet.

Leefstyl
ClemenGold Gin-proe
Met ClemenGold jenewer-spesialiste (Charlene Nieuwoud en Willem Kieviet) en kunstenaars Natascha C en Henry-John Williams
Datum en tyd: Wo 27 Jun 13:00; Vr 29 Jun 13:00
Plek: ATKV-Boeke-oase by NHS
Gradering: Volwassenes
Tydsduur: 60 minute
Prys: R62
Geborg deur Clemengold.
Gin is deesdae op die tippie van almal tonge en boonop met 'n onverwagse geurige kinkel of twee daarby!
Kom proe saam aan die heerlike ClemenGold Gin en beleef die sonryp geur van Clemengold sitrus in dié gin wat deur Hope on Hopkins Distilleerdery in Kaapstad tot 'n gin vir fynproewers gedistilleer word. 'n Heerlike interaktiewe gin-proe-geleentheid!
Die proeëry word afgewissel met *Prost! – Op Het Jenever Van Het Leven* deur die Laeveldse kunstenaars Natascha C en Henry-John Williams. Natascha C sing buiten haar eie lirieke ook dié van onder andere Andrè Hazes, Wim Zonneveld en Édith Piaf, met Henry-John as begeleier.
Breek 'n bietjie weg van die roesemoes, en word gin-wys!

Leefstyl
ClemenGold Boerdery-toer
Met megaboere Abraham van Rooyen en Willem Kieviet en toerleier Erns Grundling
Datum en tyd: Sa 30 Jun 09:00
Plek: Indigo Fruit Farming, R538 na Kruger Mpumalanga Internasionale-lughawe
Bus optelpunt: ATKV-Boeke-oase by NHS
Gradering: Volwassenes
Tydsduur: 240 minute
Prys: R252
Boerdery-toer geborg deur ClemenGold.
ClemenGold en ClemenGold Gin het onlangs saam met skrywer, joernalis en TV-aanbieder Erns Grundling Spanje toe getoer om die Camino te gaan stap. Die resultaat: 'n 13-episode TV-program wat die wêreld aan die gons het. Nelspruit is natuurlik een van die tuistes van ClemenGold (SA se premium mandaryn) en Innibos-feesgangers kan uitsien na 'n interaktiewe plaasbesoek en natuurwandeling met megaboer Abraham van Rooyen en Willem Kieviet én Erns Grundling.
Kom leer meer oor produksiepraktyke, verskillende kultivars en die nuanses van vrugtebemarking. Erns deel op sy beurt insigte uit sy tweemalige ervaring van die Camino en lees voor uit sy topverkoperboek, Elders.
Die kaartjie sluit in 'n verfrissende ClemenGold Gin-verrassing by die plaasdam en 'n boksie ClemenGold vrugte.
Kom in gemaklike stapskoene.

Lifestyle

York Secret Waterfall Tour

Date and time: Fr 29 June 10:00
Bus pick up point: NG Westergloed, Koraalboom
Grading: Family
Duration: 300 minute
Price: R252
Geborg deur York Timbers

Explore the natural beauty of York plantations and waterfalls, combined with refreshments and good company. Hop onto a shuttle and discover our beautiful Sabie valley, just 45 minutes drive from Nelspruit, through evergreen mountain and forestry scenery. Ever wondered how pine trees are planted or how many years a plantation grows for? Your knowledgeable guide will provide you with interesting forestry facts and rich information that has been attracting a flow of tourists to the area for many years. York Timbers is a dynamic integrated forestry company that owns more than 93 000 ha of land, plywood and sawmilling plants.

On this unique tour you will visit the amazing Manyeleti private falls and Emerald water fall. Manyeleti waterfall is one of Sabie's hidden gems which is not open to the public. As you will be walking short distances to the waterfalls, please wear comfortable shoes and don't forget to bring a warm jacket. Bring your camera to capture all you memories and take time to enjoy the majesty of the falls.

Join us on this journey and we will ensure that your visit with us is safe, fun and memorable!

SOMETHING ELSE / IETS ANDERS

Genre: Show on ice

Winter Wonderland

With SA School of Skating
Director: Susan Marais
Producer and set design: Susan Marais
Grading: Family
Date and time: Wed 27 Jun 09:00; Thu 28 Jun 09:00; Fri 29 Jun 09:00 and 17:00; Sat 30 Jun 09:00
Duration: 40 minutes
Venue: i'langa Mall Ice Rink
Price: R82

Get swept away into a winter wonderland with some of your favourite Disney Characters. Dine with Belle and dance with friends from Beauty and the Beast. Alice is searching for Wonderland, while Elsa and Anna introduce you to the friendliest snowman of them all. It's a Tangled ice show that has Mulan reflecting on all that is wintery and wonderful. Come and see a Disney feast right here Innibos.

BOEKE INNIBOS

SAPPI BOEKE-CRAWL

Met Dana Snyman, Mathys Roets, Paul Eilers, The Hummingbirds, Daniel Hugo en Laurika Rauch
Datum en tyd: Do 28 Jun 13:00, 15:00 en 17:00
Plek: Sudwala Lodge en -grotte
Tydsduur: 240 minute
Gradering: Volwassenes
Prys: R302 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)
Busse vertrek vanaf NG Kerk Westergloed se parkeerterrein, Koraalboomstr. 36.
Produksie geborg deur Sappi en ondersteun deur Sudwala Lodge, Pierre's Restaurant, Sudwala Grotte en Van Loveren-wyne

Die Sappi Boeke-*crawl* is 'n moet vir feesgangers wat glo in die krag van die woord, hetsy dit 'n greep uit 'n roman is deur 'n topskrywer, 'n kortverhaal wat jou laat regop sit, of 'n trefseker gedig. Voeg daarby musiek wat spreek tot die hart, en dit is kos vir die siel.

Die eerste stop is by Sudwala Lodge waar Dana Snyman van sy sketse en verhale voorlees wat hy tydens sy langpadreise versamel. Mathys Roets se musiek is die ideale pasmaat vir hierdie stories.

Dan durf die busse die steilte aan na Pierre's Restaurant teen die bergrant. Hier lees Paul Eilers kortverhale voor wat jou sal laat nadink én lag, terwyl die plaaslike sanggroep The Hummingbirds vir die musikale begeleiding sorg.

Die laaste stop is in die Sudwala Grotte met sy besondere en oer-oue atmosfeer. Daniel Hugo, veelbekroonde digter, lees van sy gedigte voor. Saam met hom sorg die immer gewilde Laurika Rauch dat die Sappi Boeke-crawl op 'n hoogtepunt eindig.

WOORDE INNITUIN

Met Daniel Hugo, Lidi de Waal, Lizanne Barnard, Elize Cawood, Leon Ecroignard, Pyjama Shark en Thys van Deventer
Programleier: Paul Eilers
Datum en tyd: Vr 29 Jun 13:00
Plek: Suikerbossie-teetuin, Barbertonpad (R40)
Tydsduur: 140 minute
Gradering: Volwassenes
Kaartjieprys: R182 (ligte verversings en drinkgoed ingesluit)
Produksie ondersteun deur Van Loveren-wyne

Die digkuns in al sy vorme bring die lewe onder woorde, daarvan getuig die omvangryke oevre van die veelbekroonde Daniel Hugo. Buiten sy digkuns, is hy ook vertaler van talle boeke uit veral Nederlands en Vlaams, terwyl hy as jarelange omroeper die Afrikaanse letterkunde tot in ons huise gebring het. Daniel, al die pad van Prins Albert uit die Karoo, kom vertel meer wat hom inspireer en van "storms / en stil hawens en die rym as anker".

Lidi de Waal se verse is soms speels al dra dit meermale 'n melancholie saam, en sy verbeeld dit in kleurvolle skilderye.

Musikante Lizanne Barnard, Leon Ecroignard, Pyjama Shark en Thys van Deventer het tesame met aktrise Elize Cawood as verteller van Lidi se verse en storiestukke in *Bêreboksie vol vlerke* omskep. Die stories van Ouma se liefde en leed soos gesien deur die oë van haar kleinkind word vertel. Ouma is nie op haar bek geval nie en die klein dorpie se

inwoners kry 'n *piece of her mind* of hulle daarvoor vra of nie. Maar ook ’n deel van haar hart en haar wonderlike wyshede.
’n Kunsuitstalling van Lidi de Waal se werk vorm deel van hierdie unieke geleentheid.
Woorde Innituin is kos vir die siel vir die fynproewers van die woord. Moenie dit misloop nie!

ATKV-BOEKE-OASE

BOEKGESPREK: GERDA TALJAARD – DIE LAKSMAN SE DOGTER

Gesprekleier: Annemarie van der Walt
Uitgewer: Penguin SA
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Wo 27 Jun 10:00
Tydsduur: 60 minute
Prys: R32
Meesleurend, fassinerend en donker is *Die laksman se dogter* inderdaad. Maar tegelyk is dié derde roman uit Taljaard se pen (die voriges is *Engel in die hoenderhok* en *Kelder*) nie sonder ’n sprankie hoop nie. Dit word beskryf as ’n huishoudelike *noir* waar die huis – waar ’n mens juis geborge moet voel – die ruimte word waarin manipulasie, bedreiging en vervreemding afspeel. Rosaria se pa is ’n tipe laksman: waar hy as dokter by Pretoria-Sentraal die doodsertifikate uitreik, dien hy soms ook die genadeskoot toe. Haar dogter Annalisa is ’n digter en kultusfiguur en verslaaf aan heroïen ... en daar kom die oomblik wanneer Rosaria haarself moet afvra hoe naby is sy self aan ’n laksman? Resensent Deborah Steinmair skryf hieroor: “...so donker soos 90%-Lindt-sjokolade ... dis soos ’n pretparkwegholspooktrein wat in ’n verlate mynskag geraamtes opjaag.”

BOEKGESPREK: CHANETTE PAUL – UIT DIE BLOUTE en BETS SMITH – KRINGLOOP

Gesprekleier: Alita Steenkamp
Uitgewer: LAPA-Uitgewers
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Do 28 Jun 10:00
Tydsduur: 60 minute
Prys: R32
Met meer as 40 boeke op haar skryf-kerfstok is Chanette Paul een van die mees produktiewe én gewildste Afrikaanse skrywers. In haar nuutste boek, *Uit die bloute,* is dit weer die gewilde Jojo Richter wat die gevaar moet systap.
Bets Smith het eweneens al talle boeke geskryf in verskillende genres, en ken die kuns van storievertel. Haar nuutste boek *Kringloop*, deel van die *Bloedspoor*-tweeluik, beloof om jou weer op die puntjie van jou stoel te hou. Dit handel oor ’n jong student in ’n sluipjagter se visier, en om te ontkom vlug sy onder ’n skuilnaam na die Laeveld. (Laevelders gaan sommer heelwat van die plekke herken waar dit afspeel.) Kom luister waar hierdie twee vaardige skrywers aan hulle stories kom. Alita Steenkamp is ’n skrywer en vryskutjoernalis.

BOEKGESPREK: RIAN VAN HEERDEN – 16 DINGE WAT EK NIE MOES GESÊ HET NIE

Gesprekleier: Erns Grundlingh
Uitgewer: NB-Uitgewers
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Vr 29 Jun 10:00
Tydsduur: 60 minute
Prys: R32
Daar is maar min mense wat louwarm voel oor Rian van Heerden: hulle wil hom óf om die hals val óf ’n opstopper gee. Een ding moet ’n mens egter toegee, die man skroom nie om eerlik te wees nie – en veral met homself. In *16 Dinge wat ek nie moes gesê het nie* is Rian openhartig en openlik, en vertel hy meer waarom hy in wyse terugskouing dalk nie iets moes kwytgeraak het nie. In die proses staan hy duideliker afgeteken as blote omstrede *celeb* met ’n duttende wag voor sy mond. Erns Grundligh is ’n skrywer en vryskutjoernalis.

BOEKGESPREK: IRMA VENTER - SONDAG

Gesprekleier: Annemarie van der Walt
Uitgewer: NB-Uitgewers
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Sa 30 Jun 10:00
Tydsduur: 60 minute
Prys: R32
In die spanningsroman-genre is die mededinging straf, en as Deon Meyer verklaar Irma Venter is wêreldklas, kan ’n mens dit maar glo.
Van die eerste boek, *Skarlaken*, tot die jongste, *Sondag*, is die verhale diggeweef en duik verskeie karakters keer op keer in verskillende wêrelddele op. Hulle beweeg in die onderwêreld van onder meer kuberkrakers en misdaad; een waar onskuld klaarblyklik net nie te vinde is nie.
Irma is een van die topmisdaadskrywers in Afrikaans – kom gesels saam!

STORIEVUUR – FRANSJOHAN PRETORIUS EN LOUIS CHANGUION

Gesprekleier: Annemarie van der Walt
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Wo 27 Jun 18:00
Tydsduur: 120 minute
R102
Waar in die Laeveld is die Kruger-miljoene begrawe? Het dit ooit werklik bestaan of dit slegs ’n legende?
Geskiedkundiges Fransjohan Pretorius en Louis Changuion neem hierdie kwessie in oënskou, en gesels ook oor die onderskeie insidente tydens die Anglo-Boereoorlog wat in die Laeveld plaasgevind het. Kom luister en gesels saam met die kenners - hulle is ook gesoute storievertellers – en verklap jou eie teorie oor die sogenaamde fortuin ... of hou dit geheim!

KINDER STORIE-KRÔL
Aangebied deur Marlene du Toit van Mosaïek Opvoedkundige Sentrum
Datum en tyd: Wo 27 Jun tot Sa 30 Jun 11:00 en 14:00
Plek: ATKV Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Tydsduur: 60 minute
Gradering: Gesin
Prys: R82
Ondersteun deur SAPPI
'n Hele storiedorp om te ontdek! Hierdie opwindende produksie word vir die tweede keer aangebied, en gaan die grootste boeke-pret wees vir kleuters want min dinge betower soveel soos 'n regte-egte storie...
Binne die storiedorp is vier verskillende storietente en die kleingoed "krôl" van die een na die ander om na verskillende voorleesstories te luister. Elke storietent word omskep in 'n fantasiewêreld om by die spesifieke boek te pas en sal die kleuters se verbeelding aangryp. 'n Klein bederfie vir elke kleuter se goeters-sakkie *(goody-bag)* word by elke storietent uitgedeel.
Die Kinder Storie-krôl is gemik op 2-8-jariges, en word gelei deur ervare kleuterskoolpersoneel. Mammas en pappas kan die kleingoed begelei (gratis) of ontspan by die koffiewinkel by die ATKV-Boekeoase terwyl die kleuters meegevoer word na 'n wêreld vol stories.
Boeke maak slim, en slim ouers weet dit!

KUNSWAARDERING – ASPIRE ART & AUCTIONEERS
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Wo 27 Jun tot Sa 30 Jun 14:00
Tydsduur: 60 minute
Gratis
Wonder jy wat die waarde is van die naamlose skildery wat jy geërf het, of die klein vonds wat jy raakgeloop het in 'n snuffelwinkel? Bring dit saam en vra die kenners. Dalk is dit 'n kunsskat!

KUNSFILMS
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Wo 27 Jun tot Sa 30 Jun 11:30
Tydsduur: 45 minute
Gratis
Skep asem en kom kyk na interessante dokumentêre kunsfilms. Die reeks is *Nine Films*, die eerste video-werk van William Kentridge; 'n beskouing van die restourasie van J.H. Pierneef se bekende Stasiepanele; 'n onderhoud met die kunstenaar Alexis Preller, en 'n dokumentêre program oor Irma Stern.

DIE BOSCH'E BY INNIBOS
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Wo 27 Jun tot Sa 30 Jun van 8:00 tot 16:00
Laeveldse kuns-adel, is hoe die bekende pottebakkers Anton, Hanli en Esra Bosch beskryf kan word. Vir die eerste keer bring hulle hul besondere en kunstige handewerk na Innibos. Die ware is ook te koop.

NETWERK24 GESPREKREEKS

Gesprekleier: Ivor Price
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Wo 27 Junie tot Sa 30 Junie 15:00
Tydsduur: 60 minute
Gratis
In hierdie gesprekke kom verskeie aktuele sake aan die bod. Ivor Price gesels met kenners en jy word uitgenooi om saam te kom gesels.
Wo 27 Jun 15:00
Kriptogeld: Blink toekoms of goeie ou Boereverneukery?
Do 28 Jun 15:00
Afrikaanse komedie: Lag-lag die toekoms in – met o.a. Schalk Bezuidenhout en sy splinternuwe boek *Truitjie roer my nie*
Vr 29 Jun 15:00
Landbou se meganisasie-dilemma: Is dit werklik mens teen masjien?
Sa 30 Jun 15:00
Kan die debat oor grondbesit brûe bou, of dit net verbrand?

NETWERK24 KOS-DEMONSTRASIES

Aanbieder: Esther Malan
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Do 28 Jun 13:00
Tydsduur: 60 minute
Gratis
Esther Malan is assistent-kosredakteur van Huisgenoot en You en haar hande staan vir niks verkeerd nie! Sy is die Galliova-kosskrywer van die jaar en ken al die kortkunsies in die kombuis.

Aanbieder: Marinda Engelbrecht
Venue: ATKV-Boeke-oase, Hoërskool Nelspruit Kultuursentrum
Datum en tyd: Sa 30 Jun 13:00
Tydsduur: 60 minute
Gratis
Marinda Engelbrecht weet net hoe om 'n mens opgewonde te maak oor koskook! Sy is tans te sien op VIA TV in *Maklik met Marinda*. As jy wil sien hoe moeitevry sy 'n feesmaal van doodgewone bestanddele voorberei, sorg dat jy hierdie demo nie misloop nie.

KREATIEWE AFRIKAANS GEVIER

Lanterfanter, tjokkenblok, smoeselig. Of wat van skerpskerts en oorwurm? Afrikaans is kreatief en beskrywend, dis hoe ons gebek is en so pak ons die toekoms aan. Die Afrikaanse Taalraad is tydens Innibos op die uitkyk na hoe Afrikaans op sy skeppende beste gebruik deur 'n persoon, in 'n verhoogstuk, in musiek en liriek ... op enige manier waar ook al! Wie of wat gaan hierdie toekenning opraap?

RSG by Innibos

RSG verbreed Afrikaanse luisteraars se horisonne met aktuele nuusprogramme en inspirerende gesprekke oor die kunste, boeke en skrywers – om maar net 'n paar te noem. Kom ontmoet die Monitor- en Spektrum-nuusspan daagliks om 7:30-8:00 en 13:30-14:00 by die ATKV-Boeke-oase en kyk hoe word daar landwyd uitgesaai.

INNIBOS@CASTERBRIDGE

This year marks an exciting new development at Innibos: We have included a programme, specifically geared more towards our English-speaking patrons, at the beautiful Casterbridge Lifestyle Centre just outside White River. An exciting music production at the Barnyard, an art exhibition at the White River Gallery as well as a book talk by Ruda Landman and a touching Art Noveau Film at the Casterbridge Cinema are all included in this programme which we hope to expand even further in future years..

Theatre: Music

Majozi & Legogote band

With Majozi and the students of Casterbridge Music Development Academy
Director: Aggi de Aguiar
Grading: All Ages/Family
Date and time: Fr 29 Jun 19:00
Venue: Casterbridge Barnyard, White River
Duration: 120 minutes
Price: R142

Majozi and Legogote Band from The Casterbridge Music Development Academy will astound you with their talent when they take you on a journey through the history of South African Music highlighting Johnny Clegg, Brenda Fassie, Hugh Masekela, Miriam Makeba, Koos Kombuis and many more. It is a show not to be missed. Majozi will also include some of his own songs in this thrill-a-minute production.

Film

Loving Vincent

Venue: Casterbridge Cinema
With Douglas Booth, Jerome Flynn, Robert Gulaczyk
Date and time: Sat 30 Junie 14:00
Duration: 94 minutes
R50

In a story depicted in oil painted animation, a young man comes to the last hometown of painter Vincent van Gogh to deliver the troubled artist's final letter and ends up investigating his final days there. LOVING VINCENT is the world's first fully oil painted feature film and has been nominated for an Oscar.

To book for this film phone 073 0913 293 or send a email to
casterbridgecinema@zannas.co.za

BOOK DISCUSSION – Ruda Landman – Tell me your story

Interviewer: Dewet Potgieter
Venue: Casterbridge Barnyard, White River
Date and time: Sa 30 Jun 11:00
Duration: 60 minutes
Price: R52
Supported by Lowvelder Pen in my Hand.

Well-known television anchor and journalist Ruda Landman talks to prominent South Africans about their life choices and about how change has affected them. A colourful mosaic of diverse experiences emerges as people share their life stories. The book includes insights by the likes of John Kani, Ferial Haffajee, Pieter-Dirk Uys, Katlego Maboe, Gugu Zulu, Zapiro, Nick Binedell and Marc Lottering.

ART EXHIBITION - Mosterd na die Maal – Group Exhibition

Venue:White River Gallery
Date and time: 13 June – 30 June 2018
Opening: Wed 13 June 18:00
Closing Event (Vernisage): Sat 30 June 12:00
Closing words : Hennie Fisher
Artists Participating:

Eric Eatwell, Rene Eloff, Michael Heyns, Laurel Holmes, James de Villiers, Gerrie van Tonder, Mariana Zwaan, Erica Schoeman and Griet van der Meulen)

As a closing event for the Innibos Arts Programme, this exhibition explores the nuances of mealtimes, the sharing of meals, and the emotions that we attach to these occasions. Food remains a means of sustenance and nourishment, however underlying the basic physical need to eat, mealtimes contain undertones of happiness, loneliness, abundance, scarcity, and generosity. The act of eating alone or sharing a meal allows us to view the preparation and presentation of meals in different ways. To each of us, the utensils used for meals may have significance in history, or memory attached to pieces passed down through generations. To some utensils are entirely functional. Kitchen and dining rooms, tables and chairs may be steeped in family tradition, or devoid of any significant attachment. Family rituals, the act of saying grace, human posturing around meals is explored in this group exhibition through various media.

Hennie Fisher, the closing speaker, is well worth a listen being a longstanding and respected educator in the field of culinary art. He has completed doctoral research in the development of a Food Literacy measuring instrument for South Africa. Hennie is also a food critic for Eat Out Magazine.

Hierdie program is onderhewig aan veranderinge.